# Gereformeerde Konvent

25-26 September 2025

# Nicéa 1700: waar staan ons tans?

Prof. GDS Smit[1]

## 1. Inleiding

Wanneer ons 1700 jaar later terugkyk na die Konsilie van Nicéa (325 n.C.), hou ons ons nie besig met ‘n nostalgiese verlange dat die kerk weer moet wees soos in die ou dae nie. Nee, Nicéa was ’n keerpunt in die dogmageskiedenis, wat die koers van die Christelike geloof tot vandag toe help bepaal het. Nicéa is dus net so relevant in 2025 as wat dit in 325 was.

By Nicéa het die vroeë kerk gefokus op die mees fundamentele vraag wat die Skrif en die geloof aan ons stel, naamlik *wie is Jesus Christus*? Want, soos destyds, is daar ook vandag dié wat agting het vir sy boodskap, maar wat Hom beskou as 'n eksistensiële filosoof, ’n groot leraar of morele voorbeeld - niks meer nie. By Nicéa was die vraag nie of Hy die wêreld kom verander het en ons iets by Hom kan leer nie. Die vraag het veel dieper gesny: Is Hy waarlik God uit God, lig uit lig, eenswesens met die Vader? Op hierdie antwoord het die hele voortbestaan van die kerk gestaan of geval. ’n Christus wat nie God is nie, kan nie red nie; en ’n Christus wat nie volkome mens is nie, kan ons nie by God verteenwoordig of die dood oorwin het nie.

Interessant genoeg het die vroeë kerk se fokus nie primêr op die kruis as simbool van redding geval nie. Oor die historisiteit van die kruis was daar selfs by die teenstanders van Nicéa, nie twyfel nie. Die kerk se fokus het egter op die opstanding as die beslissende daad van verlossing geval.

Die kruisiging was in die oë van die Grieks-Romeinse samelewing ’n misdaad en ’n skande, maar die opstanding was die triomf wat die dissipels laat uitroep het dat Christus die *Kurios* is. Hierdie beklemtoning van die opstanding het die eerste Christelike belydenis gevorm: Jesus Christus, die gekruisigde, het waarlik opgestaan en Hy leef. Daarom was die stryd oor sy Godheid en sy mensheid nie ’n akademiese kerklike dispuut nie, maar die kernvraag van die evangelie en 'n beslissende antwoord was nodig of die kerk se boodskap van verlossing enige grond het.

Om 1700 jaar later hierdie belydenis weer in herinnering te roep, is gevolglik ’n daad van selfondersoek en geloofsverantwoording. Nicéa is vandag nog ’n lewende toetssteen van die kerk se identiteit en roeping. Die kerk leef immers nooit in ’n vakuum nie. Elke eeu bring

---

[1] *Referaat gelewer by die* ***Gerefomeerde Konvent,*** *met die tema: “Nicea 1700 jaar”, gehou by die NG Kerk Moreleta Park, Pretoria op 25 September 2025.*

sy eie vrae, sy eie bedreigings en sy eie vorme van dwaalleer. Waar Arius in die vierde eeu gesê het: “Hy is nie God nie - Hy is geskape” word daar vandag gesê: “Hy was net een van die profete” of: “Hy is maar een pad na God tussen vele ander.” Die gesig en konteks van die dwaling verander, maar die dwaalleer se kern bly dieselfde, naamlik die vraag na Christus se unieke Persoon en werk.

Daarom vra die geleentheid van die 1700-jarige herdenking van Nicéa, die selfondersoekende vraag: *Waar staan ons tans?* Om dit te beantwoord, moet ons sowel terug as vorentoe kyk. Ons moet terugkyk na die vaders wat in Nicéa vergader het, die stryd wat hulle gevoer het en op watter gronde hulle die belydenis geformuleer het. Ons moet ook vorentoe kyk na ons eie tyd en vra watter uitdagings die kerk vandag bedreig en hoe ons in die gees van die Reformasie terug na die bronne van die kerk gaan en derhalwe ook die belydenis van Nicéa moet waardeer.

Om Christus as ware God en ware mens te bely, is immers die fondament waarop die kerk se prediking, aanbidding en sending gebou word. Om dit vandag te bely, is om saam met die kerk van alle eeue en plekke te sê: “*Credo*: ek glo.”

## 2. Die historiese konteks van Nicéa

Die Konsilie van Nicéa (325 n.C.)[2] het plaasgevind in 'n tydperk van groot verandering in die wêreld en vir die kerk. Net ’n dekade tevore het Konstantyn die Edik van Milaan (313 n.C.) uitgereik wat die vervolging van Christene beëindig en godsdiensvryheid in die Ryk gevestig het[3]. Voorheen is die kerk gekenmerk deur martelaarskap en marginalisering, maar nou moes sy leer en lewe in die openbaar gestalte kry.

### 2.1 Nicéa as “krisis-belydenis”

Jaroslav Pelikan verduidelik hoe hierdie nuwe posisie spanning in die kerk gebring het: die kerk het wel vryheid gekry, maar moes ook leer om sy belydenis duideliker te verwoord binne ’n wêreld waar politieke mag die kerk bevoordeel het maar ook die gevaar van afwatering en sinkretisme ingehou het[4]. 325 n.C. was so 'n oomblik toe die kerk gedwing was om sy geloof in Christus duideliker te formuleer omdat Arius se leer die kern van die evangelie bedreig het. Die vraag wat die konsilie moes aanspreek, het die belydenis geformuleer dat Hy waarlik God uit God en een in wese met die Vader is.

---

2 https://en.wikipedia.org/wiki/Nicene_Creed

3 Lees meer hieroor by: Lewis Ayres, *Nicaea and Its Legacy: An Approach to Fourth-Century Trinitarian Theology* (Oxford: Oxford University Press, 2004), 90–94.

4 Jaroslav Pelikan, *The Christian Tradition, Vol. 1: The Emergence of the Catholic Tradition (100–600)* (Chicago: University of Chicago Press, 1971), 192–195.

Vandag leef ons ook in 'n wêreldwye krisis van die kerk: aan die een kant kan die kerk so deur politiek beïnvloed word, dat ons profetiese getuienis stil word. Aan die ander kant, kan ons so gewoond raak aan die wêreld se weergawe van die identiteit van die kerk, of die stryd om waarheid prys gee en toegee aan relativisme. Net soos die kerk van die vierde eeu, word ons gedwing om weer helder en onomwonde te bely dat Christus nie maar net 'n morele voorbeeld of 'n geestelike *ghoeroe* is nie, maar die ewige Seun van God en die enigste Verlosser. Daarom kan Nicéa nie gereduseer word tot 'n antieke oorblyfsel uit 'n goue eeu van die kerk nie. Nicéa vertel die verhaal van die stryd wat die kerk in alle eeue stry ter wille van oorlewing, veral in 'n tyd van geestelike nood. En presies daarom spreek dit met gesag in ons tyd wat gekenmerk is deur morele en geestelike krisisse.

### 2.2 'n Voëlvlug oor die Christologiese stryd in die vierde eeu

Die onmiddellike aanleiding tot Nicéa was die leer van Arius, 'n leraar van Alexandrië, wat beweer het dat die Seun nie ewig is nie maar die eerste en hoogste skepsel van God. Sy slagspreuk: "Daar was 'n tyd toe Hy nie was nie"[5], het oor die kerklike landskap versprei en die kerk verdeel. Die vaders van Nicéa het egter daarop aangedring dat die Skrif Christus bely as ewig en waarlik God self (vgl. Joh. 1:1-3; Kol. 1:15-20; Heb. 1:1-3). Daarom het die konsilie die term *homoousios* (ὁμοούσιος, "van dieselfde wese") aanvaar om die Godheid van die Seun duidelik te bevestig[6].

Maar die debat was nie in 325 afgehandel nie. By Konstantinopel (381 n.C.) is die belydenis uitgebrei om die Godheid van die Heilige Gees te bevestig en die trinitariese raamwerk duideliker uit te spel[7]. Chalcedon (451 n.C.)[8] het verder die verhouding tussen Christus se Godheid en mensheid omskryf: een Persoon in twee nature, "onveranderd, onvermengd, ongedeeld en ongeskeie". Hierdie drie konsilies vorm saam die fondament van die klassieke Christologie en Triniteitsleer, wat tot vandag toe die toetssteen van ortodokse belydenis is.

### 2.3 Belydenisse ontstaan deur stryd

Ons sien dus dat belydenisse in die hitte van stryd ontstaan. So het die kerk telkens deur stryd geleer dat belydenisse nie 'n bysaak is nie, maar 'n saak van lewe en dood. Dit wat in

5 Vgl. Justo L. González, *The Story of Christianity, Vol. 1: The Early Church to the Reformation* (San Francisco: Harper & Row, 1984), 213-215.

6 Lewis Ayres, Nicaea and Its Legacy: An Approach to Fourth-Century Trinitarian Theology (Oxford: Oxford University Press, 2004), 90–94.

7 Vgl. Leo Donald Davis, *The First Seven Ecumenical Councils (325–787)* (Collegeville: Liturgical Press, 1983), 108–112.

8 Aloys Grillmeier, *Christ in Christian Tradition, Vol. 1: From the Apostolic Age to Chalcedon (451)* (Atlanta: John Knox Press, 1975), 542–548.

Nicéa, Konstantinopel en Chalcedon vasgelê is, wou nie alleen die dwaalleer van Arius of Nestorius teëgestaan het nie, maar die ware evangelie beskerm. Belydenisse is daarom nie bloot ’n mooi nalatenskap van die verlede nie, maar ’n profetiese getuienis dat die kerk se geloof deur vuur gelouter is. Om die belydenis te bely, is om saam met die kerk van alle eeue en alle plekke te sê: Christus is Here. Henri de Lubac wys dat wanneer die kerk sê: Christus is Here, maak hulle die grootste politieke uitspraak van alle tye[9]. Want as Christus die *Kurios* is wat vir ewig op die troon sit, is niemand anders nie en is alle magte, owerhede en konings aan Hom onderwerp.

## 3. Hoe het ons hier gekom?

Die sewentiende en agtiende eeue was ’n tyd van ingrypende filosofiese veranderinge in die Weste. Hierdie tydperk, algemeen bekend as die Aufklärung (Verligting), het ’n nuwe atmosfeer van kritiese denke en wetenskaplike ondersoek as norm gestel wat ook die terrein van teologie diep beïnvloed het. Waar die Konsilie van Nicéa in die vierde eeu die kernvraag oor die Persoon van Christus vanuit die Skrif en die apostoliese tradisie beantwoord het, het die Verligting 'n paradigma gebring waarin rede, ervaring en natuurwetenskap die gesag van openbaring en belydenis begin bevraagteken het[10].

### 3.1 Rasionalisme: Descartes en Spinoza

Die eerste groot beweging was dié van die rasionalisme, veral verteenwoordig deur René Descartes (1596–1650) en Baruch Spinoza (1632–1677). Descartes se twyfel het bedoel om sekerheid te soek, maar het terselfdertyd die rede as die hoogste norm van waarheid geplaas: *cogito ergo sum* (“ek dink, daarom is ek”)[11]. Hierdie denkwyse het al hoe meer die teologie onderwerp aan filosofiese kriteria wat buite die Skrif geleë was. Spinoza het die Skrif benader as ’n gewone historiese dokument wat, soos enige ander menslike boek, deur kritiese analise verstaan kan word[12]. Hy het die Bybel se wonderwerke en bonatuurlike gebeure verklaar as kulturele projeksies van die antieke wêreld. Daarmee is die deur oopgemaak vir ’n Skrifbeskouing waarin God se Woord nie langer in die geïnspireerde teks gesoek word nie, maar in die mens se redelike vermoë om die teks te beoordeel.

---

9 Vergelyk die bespreking van die politieke teologie van Henri de Lubac in die werk van Bryan C. Hollon: *Everything is Sacred: Spiritual Exegesis in the Political Theology of Henri de Lubac. 2008, Eugene, OR: Wipf & Stock Publishers.*

10 Alister E. McGrath, *The Intellectual Origins of the European Reformation* (Oxford: Blackwell, 2004), 201–206.

11 Vergelyk: René Descartes, *Meditations on First Philosophy*, trans. Donald A. Cress (Indianapolis: Hackett, 1993), 17–23.

12 Vergelyk: Baruch Spinoza, *Tractatus Theologico-Politicus*, trans. Edwin Curley (Princeton: Princeton University Press, 1994), 87–94.

### 3.2 Deïsme: Toland en Voltaire

Parallel aan hierdie ontwikkeling het die deïsme na vore getree, veral in die denke van John Toland (1670–1722)[13] en later populêr gemaak deur filosowe soos Voltaire (1694–1778)[14]. Deïsme erken God as Skepper, maar verklaar Hom afwesig van die geskiedenis en die natuur. Volgens hierdie beskouing was God die groot Horlosiemaker wat die wêreld in beweging gestel het en toe teruggetrek het. Hierdie denkwyse het die Bybel se getuienis oor God se intieme betrokkenheid by sy skepping bevraagteken, en die wonderwerke van die Skrif, soos die maagdelike geboorte, die opstanding van Christus, en sy wonderwerke word as onmoontlik of onwaarskynlik beskou[15]. In hierdie raamwerk word Christus nie meer as die vleesgeworde Seun van God beskou nie, maar 'n morele leraar wie se gesag uit sy etiese voorbeeld spruit. Sy opstanding word derhalwe allegories verklaar as 'n opstanding in die hart van die mens, nie 'n historiese opstanding nie, aldus Rudolf Bultmann[16].

### 3.3 Romantiek: Schleiermacher

Die derde filosofiese verskuiwing in die teologie was veroorsaak deur die romantiek, wat in reaksie op die koue rasionalisme van die Verligting ontstaan het. Friedrich Schleiermacher (1768–1834), dikwels die "vader van moderne teologie" genoem, het die sentrum van geloof weg van objektiewe openbaring geskuif na die subjektiewe ervaring[17]. In sy invloedryke werk *On Religion: Speeches to Its Cultured Despisers* (1799) het hy geloof beskryf as die "gevoel van absolute afhanklikheid". Teologie was dus nie langer primêr die verklaring van God se selfopenbaring in Christus en die Skrif nie, maar die sistematisering van die mens se innerlike ervaring en belewenis van God. Dit het beteken dat belydenisskrifte nie meer bindend was nie, maar bloot die historiese uitdrukking van die kerk se geloofsbelewenis en stryd.

Hierdie filosofiese verskuiwings het ongetwyfeld die moderne kerk se Skrifbeskouing en Christologie beïnvloed. Die Bybel het van God se Woord verander na mense se woorde oor God in 'n versameling antieke geskrifte wat soos die koerant gelees moet word[18]. Die Christelike geloof is dus verskuif van 'n objektiewe belydenis wat in die kerk en liturgie bewaar is, na 'n subjektiewe ervaring wat telkens deur die individu of gemeenskap herinterpreteer word.

---

13 *John Toland, Christianity Not Mysterious (London: 1696).*

14 Voltaire, in: *Philosophical Dictionary*, trans. Theodore Besterman (London: Penguin, 1972), 55–59.

15 Vgl. John Dominic Crossan, *The Historical Jesus: The Life of a Mediterranean Jewish Peasant* (San Francisco: HarperSanFrancisco, 1991), xvii–xxi.

16 Bultmann's view of the resurrection. Eduqas. Aanlyn beskikbaar by: https://resource.download.wjec.co.uk/vtc/2015-16/15-16_37/pdf/eng/theme01/unit02/03-bultmann-view-resurrection.pdf?. Toegang verkry op 12 September 2025.

17 Friedrich Schleiermacher, *On Religion: Speeches to Its Cultured Despisers,* trans. Richard Crouter (Cambridge: Cambridge University Press, 1996), 22–27.

18 Jaroslav Pelikan, *The Christian Tradition, Vol. 5: Christian Doctrine and Modern Culture (since 1700)* (Chicago: University of Chicago Press, 1989), 190–195.

### 3.4 Historiese kritiek en die "Jesus-seminaar"

Sedert die negentiende eeu het die sogenaamde histories-kritiese benadering 'n groot invloed op die kerk se verstaan van die Bybel en sy belydenisse uitgeoefen. 'n Bekende voorbeeld is die bronnehipotese oor die ontstaan van die Pentateug. Julius Wellhausen (1844–1918) het die sogenaamde JEDP-teorie ontwikkel en aangevoer dat die tradisionele vyf boeke van Moses saamgestel is uit verskillende bronne: die Jahwistiese, Elohistiese, Deuteronomistiese en Priesterlike tradisies, en eers eeue na Moses se tyd redaksioneel saamgevoeg is[19].

Hierdie ontwikkeling is later versterk deur die vormkritiek en redaksiekritiek. Hermann Gunkel (1862-1932) het die fokus geplaas op die identifisering van literêre vorme en die Bybelse geskiedenis as mites, legendes of volksverhale beskou en die produk van mondelinge tradisies waaruit dit gegroei het[20]. Daarmee het die historiese betroubaarheid van die teks na die agtergrond geskuif, terwyl die kultuur-historiese konteks die primêre belang geword het. Rudolf Bultmann (1884-1976) het hierdie benadering nog verder gevoer met sy "ontmitologisering" van die teks, waardeur hy die Bybel se wonderwerke en bonatuurlike elemente herinterpreteer het as eksistensiële simboliek of gemeenteteologie wat slegs binne die mens se geloofservaring betekenis dra[21].

Die redaksiekritiek het die klem geplaas op die gemeenskappe en redigeerders wat die Bybel saamgestel het as redaktors, met die gevolg dat die gesag van die teks aan hulle toegeskryf is, eerder as aan God wat dit geïnspireer het.

Hierdie tendense het in die twintigste eeu gekulmineer in die Jesus-seminaar, 'n groep geleerdes wat in die 1980's en 1990's bekendheid verwerf het vir hul radikale benadering tot die evangelies. Onder leiding van Robert Funk het hulle letterlik met gekleurde kraletjies gestem oor watter woorde van Jesus as "eg" beskou kan word en watter nie[22]. Pienk was vir "waarskynlik deur Jesus"; grys was vir "waarskynlik nie deur Jesus nie", en swart vir "definitief nie Jesus se woorde nie[23]. Met behulp van hierdie kraletjie-stelsel is groot dele van die evangelies as latere toevoegings of blote tradisies van die vroeë kerk afgemaak.

Hierdie teologiese skuif het nie net die plek van die Skrif verswak nie, maar ook die funksie van die kerk se belydenisse. Waar die geloofsbelydenis, soos Nicea oorspronklik 'n gesaghebbende formulering van die Skrif se getuienis oor Christus was, word hulle in hierdie

---

19 Julius Wellhausen, *Prolegomena to the History of Israel*, trans. J. Sutherland Black and Allan Menzies (Edinburgh: Adam & Charles Black, 1885), 3–8.

20 Hermann Gunkel, *The Legends of Genesis*, trans. W.H. Carruth (Chicago: Open Court, 1901), 7–12.

21 Vgl. Rudolf Bultmann, *New Testament and Mythology and Other Basic Writings*, trans. Schubert M. Ogden (Philadelphia: Fortress Press, 1984).

22 Robert W. Funk and The Jesus Seminar, The Five Gospels: The Search for the Authentic Words of Jesus (New York: HarperOne, 1993), 2–5.

23 Phil Ryken, 1996. *Window on the World: The Jesus Seminar. Aanlyn beskikbaar by: https://www.tenth.org/resource-library/articles/the-jesus-seminar/. Toegang verkry op: 12 September 2025.*

klimaat eerder as tydgebonde menslike dokumente gesien: waardevol as historiese monumente, maar nie as waarheid wat die kerk se geloof vandag nog dra nie. Die verlies is groot: die kerk verloor beide die gesag van die Skrif en die taal waardeur sy geloof deur eeue heen bewaar is. Wanneer Nicea sy gesag verloor, verloor die kerk ook die vermoë om helder en met eenstemmigheid te antwoord op die vraag wat die kern van die evangelie raak: Wie is Jesus Christus?

### 3.6 Gereformeerde selfkritiek

Ook binne die Gereformeerde tradisie is daar selfkritiek nodig, veral oor die manier waarop die geskiedenis van die vroeë kerk soms hanteer word. Ralph Winter[24] het reeds daarop gewys dat baie gereformeerdes dikwels die tydperk tussen die apostels en die Reformasie sien as ’n sogenaamde “blinde periode”, iets wat hy die “BO-BO-teorie” noem (“Blinked-Out, Blinked-On”). Baie gereformeerdes fokus slegs op die tydperk van die Nuwe Testament en dan weer op die Reformasie en die tyd tussen-in word as Roomse geskiedenis beskou, asof die kerk eers weer “ontwaak” met Luther en Calvyn in die sestiende eeu.

Hierdie perspektief, al is dit gewild in sommige kringe, is egter histories en teologies problematies, aangesien dit die tydperk is waarin die mees fundamentele geloofsbelydenisse geformuleer is, onder andere Nicéa (325), Athanasius, Konstantinopel (381) en Chalcedon (451). Wanneer die Reformasie losgemaak word van hierdie vroeë kerk, word dit onbewustelik voorgestel asof Luther en Calvyn ’n ander kerk geskep het, terwyl hulle self die teendeel beklemtoon het: dat hulle in die lyn van kontinuïteit met die apostels en die kerkvaders wou staan en terug keer na die bronne (*ad fontes*)[25].

Die verwaarlosing van die kerkvaders en die vroeë belydenisse het verreikende gevolge. In die eerste plek word dit dan makliker om ook die Reformatoriese belydenisse self te laat vervaag. Indien Nicéa slegs gesien word as interessante artefakte van ’n vergange era, kan die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls net so maklik as tydgebonde produkte afgeskryf word. Verder verloor die kerk die teologiese rykdom wat die ekumeniese belydenisse in die liturgie, kategese en missionêre lewe kan bied[26].

---

24 Ralph D. Winter, “The Two Structures of God’s Redemptive Mission,” in *Perspectives on the World Christian Movement*, ed. Ralph D. Winter and Steven C. Hawthorne (Pasadena: William Carey Library, 1981), 220–221.

25 Vgl. Jaroslav Pelikan, *The Christian Tradition, Vol. 1: The Emergence of the Catholic Tradition (100–600)* (Chicago: University of Chicago Press, 1971), 213–218.

26 Vgl. bv. Heiko A. Oberman, *The Harvest of Medieval Theology (Cambridge: Harvard University Press, 1963)*, 23–30.

Wanneer Gereformeerdes aan die "BO-BO-teorie" toegee, verloor ons nie net die kontinuïteit met die kerk van alle eeue nie, maar stel ons ook ons eie belydenisse bloot aan relativisme.

Die weg terug is om die vroeë kerk weer ernstig op te neem. Só word Nicéa se stem nie gesmoor nie, maar as 'n lewende belydenis op ons lippe geneem.

## 4. Nicéa 1700 is 'n oproep tot hernieude vasgryp aan Christus

Ons leef in 'n tyd waarin die kerk onder geweldige druk verkeer. Kulturele verwagtinge, sekularisasie, pluralisme en relativisme plaas 'n voortdurende spanning op die kerk en sy geloof. Daarby kom die verlies aan Skrifgesag in baie dele van die wêreld, wat die kerk se stem laat verswak en ons getuienis laat vervaag. Tog bly die vraag wat die vaders van Nicea in 325 moes beantwoord, steeds ons toetssteen: Wie is Jesus Christus? Nicea het duidelik en ondubbelsinnig geantwoord dat Hy ware God uit ware God is, lig uit lig, van ewigheid af een in wese met die Vader, vleesgeword ter wille van ons saligheid. Hierdie belydenis is nie 'n oorblyfsel van 'n vervloë tyd nie, maar die fondament waarop die kerk se lewe, prediking en sending vandag nog staan.

Ons tyd vra nie om nuwe definisies of kreatiewe kompromieë nie, maar om 'n hernude vasgryp aan die geloof van die een, heilige, algemene en apostoliese kerk. Om Christus as Here te bely, is nie bloot 'n historiese formule wat in kerklike argiewe bewaar word nie. Dit is die hart van die evangelie, die bron van ons pastorale troos en die kern van ons missionêre getuienis. Nicea herinner ons daaraan dat die kerk se belydenisse nie ontstaan het in gemak en vrede nie, maar in tye van krisis. En juis daarom het dit steeds krag in ons eie tyd van morele en geestelike nood.

Tog is dit belangrik dat ons nie slegs die verval raaksien nie. Oral in die wêreld is daar tekens van nuwe lewe: vonkies van hoop wat daarop dui dat die Gees die kerk voorberei vir 'n moontlike 21ste-eeuse Reformasie. In Latyns-Amerika en Afrika is daar 'n groeiende beweging om terug te keer na die Skrif en die vroeë Kerk as bron vir 'n vars Christologie. In Asië, te midde van 'n pluralistiese samelewing, ontdek gelowiges die belydenis van Nicea as 'n anker vir hul identiteit. En in die Weste, waar sekularisasie diep spore gelaat het, sien ons 'n herlewing van belangstelling in die klassieke belydenisse en 'n nuwe waardering vir die liturgiese en dogmatiese erfenis van die kerk. Hierdie verskynsels is tekens van die Heilige Gees wat die kerk steeds roep om Christus as Here te bely en om die taal van Nicea nuut te laat leef.

Waar staan ons tans? Ons staan op dieselfde Rots as die vaders van Nicea: Jesus Christus, ware God en ware mens, die Verlosser en Koning van die kerk. En in 'n wêreld vol onsekerheid, waar ideologieë kom en gaan, hou hierdie belydenis stand. Daarom is die kerk

nie onseker oor die toekoms nie, maar vol lof: *“Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid.”*

--------------------